H/v Thabo Mbeki en Leivoorlaan
Ferdinand Postma Uitbreiding
Potchefstroom
Telefoon no: 072 274 6330
e-pos:info@delandkleuterskool.co.za
www.delandkleuterskool.co.za

# Inligtingsgids

## WELKOM

Liewe ouers en kleuters

Baie welkom by Kleuterskool@deLand. Ons skool se waardes rus op ons Christenskap. Ons ervaar daagliks God se seën en liefde in ons skool. Elke maatjie is vir ons besonder en uniek. Dis vir die personeel van Kleuterskool@deLand 'n voorreg om vir u kleuter lief te wees en sal daagliks daarna streef om elke maatjie geborge en veilig te laat voel. Mag elke ouer en elke kleuter baie gelukkig wees by Kleuterskool@deLand.

**Hoof en personeel**

1. **Visie en Missie:**

Om elke kleuter van die Kleuterskool speel-speel te laat ontwikkel en die groot wêreld met baie geleenthede vir hom/haar te ontsluit deur liefde, omgee en versorging.

**Missie:** Kleuterskool@deLand onderneem om 'n opvoedkundige program gebaseer op die nuutste kurrikulum met twee weeklikse temas aan elke kleuter te bied. Hierdie program is daarop gemik om elke kleuter binne 'n Christelike opvoedings-milieu fisies, emosioneel, sosiaal en kognitief optimaal te ontwikkel en sluit die volgende in:

- Christelike grondslag op 'n daaglikse basis
- Perseptueel
- Geletterdheid
- Gesyferdheid
- Spraak en Taalvaardighede
- Lewensvaardighede Vryspel - binne en buite
- Groot en fynmotoriese ontwikkeling
- Kreatiwiteit en Verbeelding
- Musiek, stories en poppekas
- Emosionele- en sosiale vaardighede
- Denke en probleemoplossing
- Voorbereiding vir skrif, spelling en lees

2. **Aankoms en vertrektye:**
   - Maandae tot Vrydae voldag: 6:50-17:15
   - Maandae tot Vrydae halfdag: 6:50-12:30/14:00
   - Gesluit op openbare vakansiedae
   - Vakansieprogram sal gevolg word gedurende skoolvakansies

3. **Registrasie en inskrywings:**

Belangstellende ouers is welkom om 'n afspraak te maak om die skool te kom besigtig waartydens ons u op 'n kort toer deur die skool sal neem. Om u kind in te skryf moet u die registrasievorm so gou moontlik voltooi, tesame met die betaling van die registrasie fooi en die vooruitbetaalbare maandelikse fooi. Sodoende verseker u die kleuter/s se plek aangesien ons net 'n beperkte hoeveelheid kleuters kan akkommodeer.

Registrasie en inskrywingsvorms is by die kleuterskool of aanlyn beskikbaar.
Voltooide inskrywingsvorms kan per e-pos aan die kleuterskool gestuur word of by die kantoor ingehandig word. Registrasie van kleuters sal bevestig word sodra alle dokumentasie en gelde betaalbaar, ontvang is. Ouers sal so spoedig moontlik in kennis gestel word van suksesvolle aansoeke.

4. **Fooie:**
   - Maandelikse fooie sal vooruitbetaalbaar wees, vanaf Januarie tot en met Desember.
   - Registrasiefooi – Eenmalige vooraf betaalde bedrag van R600.00 NIE-terugbetaalbaar per leerling vir die jaar (Registrasie kan nie gefinaliseer word voordat betaling nie ontvang is nie.)
   - Maandelikse fooi: Voldag – R3000.00 x 12 maande (sluit ontbyt, 2 x peuselhappies, sap en middagete in)

- Halfdag – R2600.00  x 12  maande (sluit ontbyt,  2 x peuselhappies, sap en middagete in)

  **Bankbesonderhede**:
  Kleuterskool@deLand (PTY)Ltd
  Nedbank
  Rekening no: 1190718286
  Takkode: 198765
  **Verwysing**: U kind se naam en van en ouderdom in hakies
  **SKOOLFOOIE MOET TEEN DIE 2DE VAN ELKE MAAND BETAAL WORD**

**5. Onderrigtaal:**

- Kleuterskool@deLand se onderrig taal, is Afrikaans.

**6. Ouderdomme, klasgroottes en daaglikse program:**

- Kleuterskool@deLand het die volgende klasse beskikbaar:
- 0-1 jariges (baba klas)
- 1 jariges
- 2 jariges
- 3 jariges
- 4 jariges
- 5 jariges
- Gr. R klas
- Gedurende vakansies word 'n aangepaste daaglikse program gevolg

**7. Vorderingsverslae en kommunikasie:**

Kleuters ontvang twee vorderingsverslae per jaar.  Daar word  gefokus op deurlopende assessering.  Kleuters word regdeur die jaar informeel  geassesseer.  Deur die loop van elke kwartaal word daar op sekere goed gefokus wat dan in-diepte geassesseer word. Ouers is welkom om 'n afspraak met die skoolhoof/onderwyseres te reël om u kind se vordering te bespreek.  U kind is baie belangrik en daarom verkies ons dit om haar/hom in 'n ontspanne wyse te bespreek.
U kind is ons hoogste prioriteit en ons personeel moet ten alle tye gefokus wees daarom versoek ons graag:

- Telefoniese kontak tydens klastye word slegs deur die administratiewe kantoor hanteer.
- Alle  ander kommunikasie moet verkieslik d.m.v. e-posse gedoen word.
- Ouers kan enige probleem of besorgdhede met die skoolhoof bespreek.

**8. Dissipline:**

- Met liefde, wedersydse  vertroue en respek
- Streng beslis, maar regverdig
- Konsekwent
- Duidelike en vaste reëls
- Kinders word nie toegelaat om ander, hulself of eiendom skade aan te doen nie.

***Hoe straf ons?***

- Ontneem voorregte of verwyder die kleuter uit die situasie
- Indien die gedrag herhaaldelik voorkom, sal die ouers/voogde gekontak word

## 9. Aflaai en Afhaal van kleuters:

Kleuters moet teen 7:30 afgelaai word as hulle by die skool ontbyt eet. Kleuters wat later as 7:45 arriveer moet by die huis ontbyt eet. Kleuterss wat teen 8:00 nog nie by die skool is nie word outomaties afwesig gemerk en die kleuter moet vir die dag tuis bly. Halfdag kleuters moet 12:30 afgehaal word as u kind nie by die skool slaap nie. Indien u kind by die skool slaap moet hy/sy teen 14:00 afgehaal word. Voldag kleuters moet teen 17:15 afgehaal word. Versuim om die tye na te kom sal gesien word as oortreding van die reëls en ouers/voogde sal per e-pos in kennis gestel word van ‘n ekstra tarief wat by die skoolgelde gevoeg sal word. Kleuterskool@deLand se personeel sal slegs kleuter/s aan hulle ouers/voogde/gemagtigde persone oorhandig.

’n Alternatiewe reëling kan **vooraf** gemaak word, indien ’n ander verantwoordelike volwasse persoon die kleuter/s kom afhaal. **Personeel kan nie verantwoordelik gehou word vir enige kleuter/s wat nie direk in die ontvanger/onderwyseres se sorg gelaat word nie.**

**DIE VEILIGHEID VAN ONS KLEUTER/S IS ONS EERSTE PRIORITEIT**

## 10. Ouers se reg tot bewaring:

Sou die ouers se reg tot die bewaring van die leerling beperk raak op enige wyse hoegenaamd, hetsy deur middel van ’n egskeiding of andersins, is die ouer wat bewaring behou van die kleuter/s verantwoordelik om Kleuterskool@deLand te voorsien van ’n hofbevel van sodanige effek.

## 11. Etes, verversings en verjaarsdae:

Etes word deur die skool voorsien. Kleuterskool@deLand voorsien daagliks gebalanseerde ontbyt, peuselhappies, middagetes en sap.

Reël asseblief vooraf met die kantoor. Die kantoor sal die kleuter se onderwyseres daarvan in kennis stel as u verversings kleuterskool toe wil stuur. Beperk asseblief die verversings tot drie items (of koek en twee items byvoorbeeld: lekkertjie en skyfies) aangesien dit die kleuters se middagete beïnvloed. Die onderwyseres sal dan haar dagprogram so aanpas om u kleuter se verjaarsdag spesiaal te maak.

## 12. Kommunikasie:

Alle kommunikasie sal via ons eie Kleuterskool@deLand Toep (*App)* geskied en per geleentheid per e-pos vanuit die administratiewe kantoor geskied. Alle versoeke, klagtes en kennisgewings kan via die bogenoemde aan die kantoor gerig word.

13. **Speeltyd:**
    - **Somer:**

Kleuterskool@deLand se reël: Somer – GEEN hoed GEEN speel. Ouers word versoek om ’n hoed en sonbrandroom skool toe te stuur om die kinders te beskerm teen die warm somerson. Merk asseblief die hoed duidelik met die naam van die kleuter. Die hoed sal by die skool gehou word.

- **Winter:**

As deel van hul ontwikkeling moet kleuters daagliks buite speel. Ouers word versoek om gepaste kleredrag saam te stuur skool toe. (Mussie, langmoubaadjie, handskoene, ens.)

14. **Speelgoed & ander persoonlike eiendom:**

Geen speelgoed, boeke, CD’s ens. word toegelaat by die skool, aangesien die personeel
nie aanspreeklik gehou kan word vir hierdie items nie en dit veroorsaak ook baie trane.

15. **Kleredrag:**

Sorg asseblief dat u kind altyd gemaklike klere aan het. Ouers word versoek om daagliks twee stelle skoon klere en onderklere saam te stuur. Die dogtertjies moet asseblief ‘n “ski pant” onder hul rokkies aantrek. Dit is verpligtend dat alle klere duidelik gemerk moet wees. Afhangende van die seisoen, vra ons asseblief dat u altyd ’n warm baadjie, of koeler klere sal inpak. Skoolhempies word op Vrydae gedra. Ander reëling in verband hiermee sal vroegtydig aan ouers deurgee word.

16. **Afwesigheid:**

Ouers word versoek om Kleuterskool@deLand in kennis te stel as ’n kleuter/s afwesig is as gevolg van vakansie, siekte of hospitalisasie. Dit word ook vir ons skool se Toep aan die skool gekommunikeer

17. **Allergieë:**

Dit is noodsaaklik dat ouers allle allergieë duidelik op die inskrywingsvorm aantoon.

18. **Mediese behandeling en veiligheid:**

In ’n noodgeval, mag die personeel hul diskresie gebruik om die hulp van ’n dokter of verpleegster van DeLand **VERSORGINGSENTRUM** te gebruik. Sou ‘n noodgeval vereis dat ‘n kleuter dringende mediese aandag/sorg moet ontvang, verleen die ouers Kleuterskool@deLand volle toestemming om dadelik aandag te gee aan die mediese vereistes van die kleuter. Die ouers bevestig dat hul skriftelike toestemming verleen deur die inskrywingsvorm te onderteken. Ouer bevestig ook hiermee dat hul volle verantwoordelikheid neem vir enige/alle mediese kostes wat mag ontstaan.

**Dit is krities vir ouers om alle noodgeval nommers opgedateer te hou.**

Die volgende stappe sal gevolg word in 'n noodgeval:

- Geringe voorval: Kleuterskool@deLand sal noodhulp toepas volgens die skool se opleiding en ondervinding. Ouers sal dadelik gekontak word indien nodig. Ouers sal van 'n voorvalverslag voorsien word om te teken, om hul sodoende te verwittig van die voorval.
- Ernstige noodgeval: Kleuterskool@deLand sal die volgende stappe volg:

1. Die klaskamer het 'n kaart met die volgende inligting : Naam van leerder, ouers se name en kontakbesonderhede, asook familie/vriende se kontakbesonderhede en huisdokter se kontakbesonderhede.
2. Noodhulp toegepas soos vereis.
3. Spreekkamer sal gekontak word om met die nodige dokter te praat oor die voorval en skool sal reageer op die instruksies van die dokter.
4. Die skool sal terselfdertyd die ouer/voog/familielid/vriende in kennis stel wat deur die dokter versoek is, of ons dokter by die hospitaal ontmoet, dokter na skool toe kom, ons spreekkamer toe moet haas en of wag vir die ambulans.
5. Bly ten alle tye by kleuter.
6. Kleuter/s sal vanaf die eerste dag van opening aan die noodplan bekend gestel word. Kleuters sal op 'n weeklikse basis die noodplan inoefen sodat die kleuters en personeel vertroud is met die prosedure.

## 19. Siektes & medikasie:

Vir die beskerming van al die kleuters, versoek ons graag ouers om kleuters eerder tuis te hou indien hy/sy 'n oordraagbare siekte het bv. braking, diarree, kindersiektes en "pink eyes". Die personeel van Kleuterskool@deLand sal hul eie diskresie gebruik om te besluit of 'n kleuter gesond is om skool by te woon.
**Let wel:** die volgende siektes benodig 'n sertifikaat van 'n mediese praktisyn: "pink eyes", gastro-enteritis en rotavirus.

**NB:** Geen medikasie mag deur enige personeellid toegedien word nie. Kleuters wat anitbiotika gebruik moet tuis gehou word totdat die kursus voltooi is.

## 20. POPI Wet

- Ons ontvang gereeld versoeke om foto's en ander digitale materiaal op te neem en te deel met die ouers. Ons neem kennis van die feit dat dit die ouers mag wees wat hierdie materiaal aanvra, alhoewel ons vir ons eie rekord doeleindes graag u toestemming op skrif wil plaas.
- Alle kinders het ook hul eie profiel/lêer by die skool wat hulle en hul ouers se persoonlike inligting vervat. Hierdie inligting was deur u (die ouer/ wettige voog) verskaf en word veilig gestoor. Ons bevestig dat hierdie inligting nie aan enige derde partye meegedeel sal word sonder u skriftelike toestemming nie.
- Ons wil ook graag amptelike skoolfoto's asook foto's van die jaar se verrigtinge neem en met u deel.
- In terme van artikel 11 van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, No.4 van 2013/ Protection of Personal Information Act No. 4 of 2013, (hierna verwys as "die Wet") moet ons u toestemming verkry om u kind se persoonlike inligting te verwerk wat insluit maar nie beperk is tot die versameling/ontvangs//stoor/opdatering/gebruik/organisering of wysiging daarvan.
- Ons versoek dus u toestemming om u kind se persoonlike inligting te verwerk wat insluit die neem van foto's en versameling van hul persoonlike inligting vir administrasie en gesondheidsdoeleindes (kennisname van enige allergieë/mediese diagnose ens.).

## 21. Gedragskode

- Dit is vir ons baie belangrik dat alle ouers (sluit in grootouers en ander familielede en vriende van ouers) ten alle tye met respek teenoor enige persoon verbonde aan Kleuterskool@deLand sal optree wanneer hy/sy die perseel betree of geleenthede bywoon wat deur Kleuterskool@deLand aangebied word.
- Nie vuiltaal of enige ander vorm van onwelvoeglike taal/opmerking te maak nie.
- Altyd welvoeglik geklee te wees.
- Nie onder die invloed van enige verbodemiddels (alkohol/verdowingsmiddels) te wees nie.
- Die algemene beeld van die skool positief oor te dra en na te streef.
- Alle reëls, regulasies en voorwaardes na te kom.
- Alle persone verbonde aan die Kleuterskool@deLand met respek te behandel.
- Alle persone verbonde aan die Kleuterskool@deLand se privaatheid respekteer **in terme van artikel 11 van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, No.4 van 2013/ Protection of Personal Information Act No. 4 of 2013**
- Die veiligheid en gesondheid van alle persone/kinders verbonde aan Kleuterskool@deLand na te kom.
- Kleuterskool@deLand in kennis stel van enige lewens/aansteeklike siekte/s of geestetoestand wat die welsyn van ander kan benadeel.
- Die rook beleid op Kleuterskool@deLand se perseel te eerbiedig.
- Kind/ers nie toegelaat sal word tot Kleuterskool@deLand alvorens die Algemene Vrywaringsvorm voltooi is nie. Afdelings A, B, C, D en E se inligting is nodig vir Kleuterskool@deLand om ingeligte besluite te kan maak en kwaliteit dienste te kan verskaf. Die ouers/voog waarborg dat die inligting soos weergegee waar en korrek is, en dat daar geen verdere inligting benodig word nie. Ons as die ouers/voog, erken en stem in dat die Terme van hierdie Kontrak geldig sal wees vir die tydperk wat my/ons kind by Kleuterskool@deLand skool gaan.

**22. Fondsinsamelingsprojekte:**

Kleuterskool @ deLand is 'n privaatsentrum en kry nie enige subsidie van die staat nie.
Fondsinsamelings sal slegs geskied deur middel van skool se aktiwiteite soos:
Atletiekdae, ouma en oupa dae, konserte, kunsuitstalling ens. Fondsinsameling word gesien as 'n poging om die ouers van kleintyd af betrokke te kry en insette te lewer t.o.v. hul kleuter se groei en ontwikkeling.

**23. Ander aktiwiteite:**

Alle ekstra aktiwiteite word ook op ons Toep gekommunikeer, daar is wel dans, musiek, ballet, sport en vele ander beskikbaar.

**24. Benodigdhede:**

Alle benodighede word ook via ons Toep aan ouers gekommunikeer

**Ons kan nie wag om u en kleuter deel van ons familie te maak nie!!**